06 JUNIE 2025

# Die Aliwal Weekblad FREE

HIER VIR DIE GEMEENSKAP / HERE FOR THE COMMUNITY

# ALIWAL - NOORD HUIS VAN DER HORST

Huis van der Horst het Maandag, 03 Junie 2025, uitgereik na die Saint Benedict Speelskool, in Area 13, Dukathole Woonbuurt te Aliwal Noord. Die uireik was behartig deur Meisie Botha *(Huismoeder)*, Marie Steenekamp *(Vrywillige Breier)* en Chrisjan Senekal wie die vervoer moes behartig en hulle vergesel het.

Die uitreik was ook gedoen in samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die Departement van Onderwys. Daar is 32 truie en mussies aan die kinders by die Saint Benedicts Speelskool oorhandig.

Na die uitreik was daar ook truie aan die plaaslike CMR oorhandig. Baie dankie aan al die flukse breiers en die donateurs wie wol geskenk het.

Alle eer aan ons Hemelse Vader dat ons ook kan gee aan ander wie dit nodig het.













ADVERTISEMENTS AND NEWS : info@aliwalprinters.co.za / 082 099 4940

ALIWAL NORTH
PrivateTestingStation

113 Somerset Street Aliwal North
(next to Nkosi Sikeleli School)

Tel: 051 633 4182 Cell: 072 642 8889
E-Mail: testingstation@aliwalnorth.net

**WE OFFER THE FOLLOWING SERVICES:**

- ROADWORTHY CERTIFICATES: VEHICLES, TRUCKS, TRAILERS AND TRACTORS
- PRE-TEST
- SUSPENSION TEST
- ON-SITE ROADWORTHY
- DATA DOT

MasterCard VISA CARD FACILITIES NOW AVAILABLE

DataDot

Your Local Trusted
Pawn Shop

discount centre



**Cash Today. No Stress.**
Pawn • Buy • Sell • Trade
Jewellery, Electronics, Tools
We Take It All!
Why pay full retail when you can find quality for less?

Discount Centre, Aliwal North, 24 Grey Street
Zack de Bruyn: 072 141 2003
Discount Centre: Tel- 051 633 3517 / Whatsapp: 064 942 9816

# SMOOTH BEAUTY

Scan QR for price list & bookings

Lash extensions
Lash Lift
Brow Tint and Shape
Brow Lamination
Pedicures
Gel Toes
Facials
Dermaplaning
Microneedling
Massage
Waxing
Sugar Hair Removal

82 Cathcart street Aliwal north 068 601 7397 (Marchanelle)

**Sop Projek 28 Junie 2025**
**(Saterdag)**



Die winter is so te sê hier. Daar is baie mense wat swaar kry. Kom ons maak weereens 'n verskil in ons dorp.

Ons wil graag droë sop bestandele verpak en dit net so droog uitdeel. Dit kan dan later by die huis self gaar gemaak word. Tot 4 mense kan met so 'n sop pakkie gevul word. Ons vertrou op die manier kan ons meer mense bereik as slegs die een persoon wat in die tou kom staan het. Ons benodig op die stadium hoofsaaklik droeë beesvleis blokkies en sop poeier pakkies. Wanneer ons genoeg bestandele het sal ons vra vir hulp om die bestandele te verpak. Datums sal later bekend gemaak word. Stuur asb jou nommer indien jy bereid is om te help. Ons sal dan op Saterdag 28 Junie 2025 om 9:00 by die NG Kerk bymekaar kom en van daar af uitbeweeg na geïdentifiseerde plekke waar die nood groot is.

Vir enige vrae kontak gerus Yolanda v Niekerk 082 5775 491 of Elize Schulze 0827200572

Jesaja 58:10 en as julle jammer is vir 'n mens wat honger is en swaarkry, en julle gee vir hom genoeg kos om te eet, dan sal julle lig hê in die donker.

Health Heart and Home



1/2 cup rice
1/2 cup soup mix
1/2 cup lentils
1 unwrapped stock cube
1 pkt soup powder

Instructions. Boil 2 and 1/2 litres of water and add the jar contents. Keep stirring and enjoy.




The Shakey Shop

GRAPHIC DESIGN & ILLUSTRATION | CUSTOM & CORPORATE GIFTS
PRINTING | LASER CUTTING & ENGRAVING | CUSTOM PRINTED
TUMBLERS, KEYRINGS, STICKERS, T-SHIRTS & SO MUCH MORE!

Find Our Whatsapp Catalog Here
079 761 1369
(Whatsapp Messages only)

The Shakey Shop the_shakey_shop
Shanay: 083 636 5978










# Filippense 2:2

## Kom ons wees een

In die week het ons Pinkster gehad. Dis 'n tyd waar ons weer besef dat Jesus ons hier op aarde nie alleen gelaat het nie, want Hy het sy gees waarmee Hy al die wonders op aarde gedoen het vir ons gegee. Die Gees van God het baie eienskappe en doen soveel vir ons, maar vandag wil ek graag op een eienskap fokus, daardie eienskap is dat ons Gees 'n Gees van eenheid is. Dus word ons opnuut uitgedaag as gelowiges om eenheid tussen mekaar na te streef en dit te kweek.

Ons weet ons God is 'n God van eenheid en gemeenskap die oomblik wat ons na ons drie-enige God kyk. Ons glo ons God is 3 in 1. God die Vader, God die Seun en God die Gees. Dit wil sê ons God is opsig self 'n God van eenheid tussen die 3 dele van God se Goddelikheid. God die Vader werk saam, nie teen God die seun nie. Ons sien dit in die feit dat God die Vader die Seun nie verhoed het om na die aarde te gaan om 'n weg van verlossing vir ons te bring nie. Net so werk God die Gees ook saam met God die Seun anders sou die Seun nooit al die wonders hier op aarde gedoen het nie, want die Gees sou net glad nie die wonders laat gebeur het nie. Ons God hou van eenheid. Ons God is eenheid.

Wanneer ons glo ons God is een maak dit sin hoekom Filippense 2:2 sê ons kan ons God gelukkig maak deur een te wees. Wanneer ons dan weet dis wat ons God wil hê hoekom is daar dan soveel mense met wie ons nie oor die weg kom nie? Kom ek vra dit nog sterker vir ons, hoekom is daar soveel gelowiges met wie ons nie oor die weg kom nie?

As gelowiges is eenheid veronderstel om een van ons grootse karakter eienskappe te wees. So hoekom vind ons dit as gelowiges so moeilik om een te wees. Is die verskille tussen mense werklik so groot dat ons teen hierdie eenheid besluit wat ons God so gelukkig sal maak? As gelowiges is ons veronderstel om verby die verskille te kan kyk sodat ons eenheid kan koester. Mense is veronderstel om eenheid te sien wanneer hulle na ons as gelowiges kyk.

Ek wonder dan net weer hoekom kan ons nie met almal hier in Aliwal-Noord oor die weg kom nie? Hoekom kuier sekere mense net by sekere mense? Ek dink so gereeld aan die fees maaltafel eendag in die Hemel. Gaan God daar vir ons elkeen 'n spesifieke tafel dek met net ons vriende en die mense met wie ons oor die weg kom?

Of gaan God net een lang tafel dek waarby ons elkeen kan gaan sit omdat ons elkeen in God glo?

*~DS. N. Muller, NG Kerk Aliwal-Noord.*



# HIGH SCHOOL ALIWAL NORTH
# ALWAL-NOORD HOËRSKOOL

## ELKE DRUPPEL TEL

*Aliwal North High School proudly hosted a successful blood drive on Friday, 09 May 2025, in partnership with the South African National Blood Service (SANBS). The event saw an impressive turnout of 65 donors from the school and local community.*

Elke skenking het die potensiaal om tot drie lewens te red, wat beteken dat hierdie veldtog moontlik 195 lewens landwyd kan red.

Geleenthede soos hierdie speel 'n noodsaaklike rol in die handhawing van die land se bloedvoorraad, veral met die wintermaande wat voorlê.

*Aliwal North High School hopes to continue this lifesaving tradition and encourages even more people to take part in the next blood drive.*






## ANHS VS WINTERBERG HS

**NETBALL RESULTS**

| Team | Result | Score |
|---|---|---|
| U/14B | WON | 18-1 |
| U/14A | LOST | 15-8 |
| U/16B | WON | 18-5 |
| U/16A | WON | 13-10 |
| 1ST | LOST | 35-33 |

## ANHS VS WINTERBERG HS

**RUGBY RESULTS**

| Team | Result | Score |
|---|---|---|
| U/14A | WON | 22-17 |
| U/15A | WON | 15-12 |
| U/16A | LOST | 21-10 |
| 2ND | WON | 5-0 |
| 1ST | LOST | 25-10 |

## DIE ALIES DANSERS DANS DIE VLOER AAN DIE BRAND!

Vanaf 25 tot 26 April 2025, het al ons dans leerders deelgeneem aan die *Free State Dance Awards*. Hier word hulle 'n dans van elke styl geleer, binne 2 ure en neem hul deel met daardie selfde dans aan proewe, om deur te kom na die finaal toe. Sommige van ons leerders neem deel aan tot 4 verskillende style *(Hip Hop, Modern, Ballet en Musical Theatre)* wat hulle in staat stel om 4 verskillende danse volheid te ken om aan proewe deel te neem. Ons kan met trots sê dat al ons dansers na proewe gekwalifiseer het vir die finaal wat die naweek van 09 tot 10 Mei, plaas gevind het.

**Die resultate was as volg:**

**Sinako Dyani:**
Ballet: Silver

**Thando Paphiso:**
Modern: Gold
Musical Theatre: Silver

**Sky Nicholson:**
Ballet: Silver
Hip Hop: Gold, as well as the award for the Most Outstanding 13-14 year Hip Hop performance
Musical Theatre: Gold

**Neyanna Johnson:**
Hip Hop: Silwer
Musical Theatre: Brons

**Enray Maritz:**
Hip Hop: Silwer

**Anzelle Van Niekerk:**
Hip Hop: Brons

**Rize Christensen:**
Ballet: Brons
Modern: Goud
Musical Theatre: Silwer

**Keith Isted:**
Hip Hop: Silwer

*Thank you to Riëtte Nel from Riette's Dance and Fitness Studio for your amazing work and dedication!*



# HIGH SCHOOL ALIWAL NORTH
# ALWAL-NOORD HOËRSKOOL

# 'N GROOT BEDERF VIR 'N KLEIN BEDRAG!

ANHS het met trots deelgeneem aan Slipper Dag 2025, en wat 'n lekker dag was dit nie! Dankie aan Wimpy Aliwal-Noord vir julle ongelooflike ondersteuning en moeite om ANHS se koffies altyd reg te hê, warm, sterk en met liefde gemaak! *Also a big thank you to all the teachers and learners.* Almal het saamgespan vir hierdie wonderlike initiatief. Dis altyd spesiaal om deel te wees van iets wat 'n verskil maak én pret is! ***Ons Alies gee om!***







## DTMA DANS KOMPETISIE

3 van ons dansleerders, naamlik Keith Isted, Zahnika Vorster en Enray Maritz, het deelgeneem aan die *DTMA Vrystaat Provinsiale Rondte* in die *DTMA Dans Kompetisie.*

**Hulle resultate was as volg:**

Zahnika Vorster het n uitstekende dansopvoering gelewer en n 85% gemiddeld behaal vir *Contemporary*.

Enray Maritz het sy talente goed uitgestal op die verhoog en 'n gemiddeld van 90% behaal vir *Hip Hop*. Hy het ook die prys ontvang vir eerste plek in sy ouderdomsgroep (13-14).

Keith Isted het met passie op die dans vloer beweeg. Hy het 'n gemiddeld van 94,3% behaal vir *Hip Hop* en het ook die prys ontvang vir eerste plek in sy ouderdomsgroep (15-17). Hy het ook die trofee berower vir die *Beste Algehele Senior Hip Hop Danser*.

Na die 3 dansers se prestasies op die Provinsiale Rondte van hierdie kompetisie, het hulle almal gekwalifiseer om deel te neem aan die *DTMA SA Nasionale Rondte*, waar hulle teen ander provinsies gaan deelneem as deel van die Vrystaat dans span.

Hierdie rondte sal plaasvind vanaf 18-21 September 2025, in Johannesburg.



## POORT-SKRYFKOMPETISIE 2025

Die jaarlikse POORT-skryfkompetisie, aangebied deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, bied aan graad 10 tot 12 leerders, asook 2024-matrieks, 'n platform waar hulle woorde vlerke kan kry deur poësie, prosa of drama. Ons is besonders trots om aan te kondig dat Marques Botha, 'n matrikulant van 2024, se skryfstuk, Wintertyd, gekies is om in die gesogte POORT-bundel gepubliseer te word. **Baie geluk, Marques!** Hou aan om jou skrywerstalent te ontgin.



# LAERSKOOL ALIWAL-NOORD NUUS

# SPORT IN GRAAFF-REINET vs VOLKSKOOL & JEFFREYSBAAI

Op Saterdag, 31 Mei 2025, het die Alies die langpad aangedurf Graaff-Reinet toe. *The netball teams competed against Laer Volkskool and Jeffreys Bay. It was a day full of good netball and great competition.* Die mesies het hulle beste gegee vir die laaste wedstryde van die kwartaal. Die resultate was as volg:

o/7 A vs JBay o/7B wen 2-0
o/7A vs JBay o/7A wen 3-1
o/7A vs LVS gelykop 3 elk
o/8 A vs Jbay wen 4-2
o/8A vs LVS wen 3-0
o/8 B vs JBay verloor 0-3
o/8 B vs LVS verloor 3-4
o/9 A vs JBay gelykop 9 elk
o/9 A vs LVS wen 9-6
o/9 B vs JBay verloor 0-3
o/9 B vs LVS verloor 3-4
o/10 C vs LVS o/9 C wen 25-0
o/10 A vs JBay vs verloor 6-8
o/10 A vs LVS verloor 3-6
o/10 B vs JBay gelykop 3 elk
o/10 B vs LVS wen 6-3
o/11 A vs JBay verloor 7-12
o/11 A vs LVS verloor 8-9
o/11 B vs JBay verloor 0-9
o/11 B vs LVS wen 7-3
o/12 A vs LVS o/13B wen 5-2
o/12 A vs JBay o/13 B verloor 4-12
o/13 B vs LVS o/13 C wen 8-3
o/13 A vs LVS wen 24-11.

*Op Saterdag, 31 Mei 2025, vertrek agt rugbyspanne na Graaf-Reinette om kragte te meet teen Laer Volkskool van Graaf-Reinet en Laerskool Jeffreysbaai.*

All games were played on the fields of Volkskool Primary School in Graaf-Reinet. After a long day, and brilliant rugby played, ANPS achieved mixed results. ANPS score first. Results as follows:

ANPS vs Jeffreys Bay
u/7 A - 0/4
ANPS vs Volkskool
u/7 A - 1/0
ANPS vs Jeffreys Bay
u/7 B - 0/4
ANPS vs Volkskool
u/7 B - 1/4
LSAN vs Jeffreysbaai
o/9 A - 5/12
LSAN vs Laer Volkskool
o/9 A - 17/0
LSAN vs Jeffreysbaai
o/9 B - 5/17
LSAN vs Laer Volkskool
o/9 B 5/17
ANPS vs Jeffrey's Bay
u/11 A - 5/19
ANPS vs Volkskool
u/11 A - 12/14
ANPS vs Jeffreys Bay
u/11 B - 0/24
ANPS vs Volkskool
u/11 B - 0/5
LSAN vs Laer Volkskool
o/13 A - 5/5
LSAN vs Jeffreysbaai
o/13 A - 10/24
LSAN vs Jeffreysbaai
o/13 B - 0/49
LSAN vs Laer Volkskool
o/13 B - 14/52

Graag bedank die o/13 A-rugbyspan vir oom Demetri Prousalglou van O.K. Grocers, asook ISOFIT + vir die borg van hul energie-drankies wat hulle tydens halftyd geniet het.

Dit gee hulle sommer weer nuwe woema vir die tweede helfte!!

*These were the last games for the term and all players would like to thank their parents and supporters for all the support and encouragement during the games. We appreciate all of you.*

Dankie aan al die spelers vir julle goeie gedrag, op en van die veld af.

Ons sien uit na volgende kwartaal se rugby!

Saterdag, 31 Mei 2025, het van Laerskool Aliwal-Noord se hokkiespanne ook teen Laer Volkskool en Jeffreysbaai op die astro velde meegeding.

Laerskool Aliwal-Noord se meisies het hul beste gegee en het gemengde welslae behaal.

*What a lovely day of hockey. Congratulations to all the players and their coaches. Results were as follows-*

o/7A 4-1
u/8A 3-1
o/8B 1-1
u/9A 3-4
o/9B 1-7
u/10A 2-10
o/10B 4-0
u/13C 2-1
o/12A 2-1
u/13A 1-3












# LAERSKOOL ALIWAL-NOORD NUUS

## LANDLOOP / CROSS COUNTRY



Op Vrydag, 30 Mei, het ons landloop atlete nog 'n liga gaan aandurf. It fills our hearts with joy to see a dream getting wings and taking flight.

Our athletes ran with heart and soul and gave it their all. Die liga het wel meer uitdagings gebied, maar ons atlete het hulle suksesvol van hulle taak gekwyt.

Their running skills keep growing and improving. Looking forward to their next league.

League results so far:

| League 1 | League 2 | League 3 | League 4 |
|---|---|---|---|
| | Phillip Heyns– **2km**: 10:08 | Phillip Heyns– **2km**: 10:50 | “ |
| | Amienke Botha Arends– **2km**: 10:46 | Amienke Botha Arends– **2km**: 10:34 | “ |
| | | Inam Wolsak– **2km**: 9:56 | “ |
| | | Lunathi Gqoli– **2km**: 13:02 | Lunathi Gqoli – 2km 10:55 |
| Gawie van Zyl-**2km**: 8:35 | “ | Gawie van Zyl– **2km**: 8:37 | Gawie van Zyl– 2km: 8:43 |
| Nathan van Zyl– **3km**: 13:17 | “ | Nathan van Zyl– **3km**: 13:37 | Nathan van Zyl– 3km: 14:04 |
| Ané Mellet– **3km**: 14:21 | Ané Mellet– **3km**: 14:11 | Ané Mellet– **3km**: 14:27 | Ané Mellet– 3km:15:15 |
| Adanje Kotze– **3km**: 13:23 | Adanje Kotze– **3km**: 13:10 | Adanje Kotze– **3km**: 13:16 | “ |
| | | Andy Botha– **3km**: 20:05 | Andy Botha– 3km:18:37 |
| | | Lia Lubbe– **3km**: 21:17 | “ |
| | | Mpho Matella– **3km**: N. T | Mpho Matella– 3km:18:28 |
| | | Achuma Ndzekeni– **4km**: 24:07 | Achuma Ndzekeni– 4km:21:12 |
| | | Reithabetse Motemekoane– **4km**: 19:52 | Reithabetse Motemekoane– 4km:18:48 |
| Junior van Zyl– **4km**: 17:35 | | Junior van Zyl– **4km**: 17:31 | Junior van Zyl– 4km:17:43 |
| | | | Kwindla Kontsiwe– 2km:14:26 |







## TENNIS IN ALIELAND

Ons het die 2de Junie 2025, mededingende tenniswedstryde teen Laerskool Cradock gespeel.

Die wedstryde het beide enkel- en dubbelspelwedstryde ingesluit.

Ons span het sterk prestasies getoon, veral in die enkelspelwedstryde.

Die dubbelspelwedstryde was naelbytend, wat uitstekende spanwerk en kommunikasie ten toon gestel het.

Oor die algemeen was dit 'n wonderlike ervaring wat ons vaardighede en sportmanskap getoets het. Terwyl ons 'n paar moeilike teenstanders teëgekom het, het die wedstryde ons gehelp om areas vir verbetering te identifiseer, soos konsekwentheid in opslag en netspel.

Dit was 'n waardevolle leergeleentheid en 'n motiverende uitdaging vir ons span om vorentoe te beweeg.

Dankie aan Laerskool Cradock vir julle goeie sportmanskap en mededingende kompetisie.



## COUNTRY DISTRICTS:

In onlangse tennisaksie het ons tennis leerders aan die *Country Districts tennistoernooie* deelgeneem en die volgende topspelers is verkies tot die span:

**0/10 meisies**
Bené Pagel
**0/10 seuns**
Phillip Heyns
Gawie van Zyl
Nico de Wet
**0/12 meisies**
Merize Brand
**0/12 seuns**
Johannes van der Westhuizen
**0/14 meisies**
Kara de Wet
Natasha Weitsz
**0/14 seuns**
Junior van Zyl
Evan Kieck.

Oor die algemeen het die wedstryde hoë mededingende intensiteit weerspieël, met 'n mengsel van aggressiewe skote en strategiese finesse. Hierdie leerders is verkies tot die span wat teen Xariep gaan speel. Daar is nog nie 'n datum vasgestel nie.

*Baie geluk aan hierdie leerders, Alies is TROTS op julle!*

*FOTOS VOLG:*

# LAERSKOOL ALIWAL NOORD NUUS

## COUNTRY DISTRICTS TENNIS




# Aliwal North NPC

Ithemba for Aliwal North NPC says a Mighty Huge *"Thank you"* to each and every of our Sponsors who has kept us going so far, for this year. Our Golden Years Elderly & Disabled Club is the only Elderly Club in Aliwal North who did not receive funding from the Department of Social Development earlier this year. It has been a very difficult & challenging year but fortunately due to kind hearted individuals and local companies we were able to keep our Organisation alive, aiding us to feed countless people. We were able to continue feeding our Elderly & Disabled Club every week and keep them entertained with the arts & crafts they could do with their hands. Our Football Club ANFC was also able to benefit from some of the sponsorships and our Extended arm the Passion Hearts Soup Kitchen as well.

**We want to personally Thank a few people, namely:**

Pepsico, Sasko, Star Bakery, Shoprite, Jana Venter, Demitri Posaloglou, Dama Dama Fruit & Veg, Aliwal North Primary School and a monthly ongoing donation from Metro Fruit & Veg.

We are so grateful to you and we promise to continue making you proud at being your extended arm in the community. Together we can do so much more. With God all things are possible!


















# ZASTRON GEKOMBINEERDE SKOOL NUUS




## Kuikens

ZASSIES SE KUIKENS IS NA 6 WEKE GEREED OM VIR DIE KOSHUISE AANGEWEND TE WORD. DIE 40 HOENDERS HET MET Ń GEMIDDELD VAN 2.35KG UITGESLAG!






## Jeugskou

FOTOGRAFIE


### MIGAEL BURGER

AFDELING 1:
DERDE PLEK VIR SENIOR SKOUMANSKAP


AFDELING 2:
DERDE PLEK IN DIE SENIOR JEUGSKOU FOTOGRAFIE

Baie geluk








## Jeugskou

FOTOGRAFIE

### MARNUS KOTZÈ


AFDELING 1:
EERSTE PLEK VIR SENIOR SKOUMANSKAP

AFDELING 2:
WENNER VAN DIE SENIOR JEUGSKOU FOTOGRAFIE

Baie geluk











## Jeugskou

FOTOGRAFIE

### AYIN PEACOCK

AFDELING 1:
EERSTE PLEK VIR JUNIOR SKOUMANSKAP

AFDELING 2:
EERSTE PLEK IN DIE JUNIOR JEUGSKOU FOTOGRAFIE

Baie geluk





# ZASTRON GEKOMBINEERDE SKOOL NUUS





















# ZASTRON GEKOMBINEERDE SKOOL NUUS















# ZASTRON GEKOMBINEERDE SKOOL NUUS

## Zassies gee om!

## DORP SKOONMAAK


DIE GRAAD 7, 8 EN 9 LEERDERS NEEM DEEL AAN 'N SKOONMAAK AKSIE IN SAMEWERKING MET ONS HOTEL!

DANKIE VIR ALMAL WAT Ń VERSKIL IN ONS GEMEENSKAP MAAK.








## Eksamen Verrassing!

DIE MATRIEKKLAS WORD VERRAS MET Ń PAKKIE VAN DIE GRAAD 12-OUERS OM HUL STERKTE TOE TE WENS MET DIE EKSAMEN!

*Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.*
*Fillipense 4:13*






# ZASTRON GEKOMBINEERDE SKOOL NUUS






# ALIWAL- NOORD
# HUIS VAN DER HORST NUUS

Laerskool Aliwal-Noord se grondslagfase het op Donderdag, 29 Mei 2025, Huis van der Horst besoek met heerlike sang en pannekoek! Wat 'n fees! Baie dankie aan elke inwoner wat die geleentheid kom bywoon het en aan die Laerskool vir hulle moeite om vir ons so 'n pragtige en heeeeerlike dag te kom aanbied.
Dankie aan die personeel vir die heerlike pannekoek en pragtige boekmerkies. En aan die kinders, BAIE dankie vir die pragtige sang en mooi gesiggies. Julle is die beste!








**Besoek van Maarten Conradie, sy vrou en hul Dalmation hondjie. Pragtige sang en heerlike pret by Huis vdHorst!**








# Johannes Wolfaardt: The Mastermind Behind Struggling Stains

*Johannes Wolfaardt plans to host an event in Aliwal North this August.*


In the world of literature, where words touch the souls of readers and stories leave marks that do not fade easily, Johannes Wolfaardt has established himself as a voice that cannot be ignored. His debut work, *Struggling Stains*, is far more than just a book, it's a raw, honest journey through pain, identity and the unspoken aspects of being human.

***Who is Johannes Wolfaardt?*** Born and raised in South Africa, Johannes Wolfaardt is a writer with a unique gift, the ability to transform silence into sound and wounds into words. His background in psychology and his experience in community work are evident in his writing, which is often character-ized by empathy, keen observation and a deep understanding of human brokenness. Wolfaardt's style is introspective, poetic and unapologetically honest. He does not write for comfort, he writes to cut open truths and make readers feel. In a world where superficiality is often preferred, he offers something radically different, authenticity.

***Struggling Stains:*** A Message of Raw Humanity. The novel Struggling Stains quickly drew attention from both local and international literary circles. The book tells the story of a character struggling with internal conflict, heritage and the shadows of a painful past. Though fictional, the story feels almost autobio-graphical, so vivid and real is the writing. What sets the book apart is not only its content but also the way it is presented. Wolfaardt uses no pretty ribbons or simplistic solutions. He exposes the stains of the soul, the marks of guilt, loss and uncertainty, without trying to cover them up. The stains we all struggle with. Beneath the surface of *Struggling Stains* lie themes such as identity, forgiveness, the burden of expectations and the complex relation-ships between parents and children. These themes are woven into a narrative that stimulates the mind and strikes the heart. One critic put it this way, *"Wolfaardt's pen is like a sharp blade, it cuts deep, but it cuts to heal."* Since the publication of *Struggling Stains*, Wolfaardt has received praise from both readers and critics. The book has been described as a *"modern classic,"* and there are already talks of translations into several other languages. More importantly, readers share how the book did not just entertain them, it changed them. Wolfaardt himself remains humble about the success.

In a recent interview, he said: *"I didn't write to become famous. I wrote because I had to. Because the story refused to stay silent."* With *Struggling Stains*, Johannes Wolfaardt has not only proven himself a talented writer but also an important voice in South African and international literature. Rumors are already circulating about a second book, something that has readers on the edge of their seats. In an era where authenticity is rare, Johannes Wolfaardt is a refreshing presence. His work is not easy, but it is necessary. *Struggling Stains* is not just a book, it is an invitation to be honest with ourselves, to see the stains and maybe, just maybe, to grow through them. For anyone who values meaningful literature, Johannes Wolfaardt is a name to watch. And *Struggling Stains*? An absolute must-read.

*~ Received via E-mail.*













ADVERTISE HERE

SMALLS & SPECIALS R50 - R80 per advert

ADVERTEER HIER SMALLS &SPECIALS R50 - R80 per advertensie















# BUSINESS OF THE WEEK

Wayne West Engineering cc
AFROX AGENT
9KG








## Wayne West Engineering

*22 Jaar van goeie diens en groei.*

Wayne West Engineering het in 2003, in 'n motorhuis ontstaan. Met die lojale ondersteuning van die gemeenskap van Aliwal-Noord en omlig-gende dorpe het Wayne West Engineering, jaar na jaar gegroei en versterk. In 2011 het Ruan West by sy pa, Wayne, aangesluit en waardevolle ondervinding opgedoen, direk van een van die bestes. In 2024 het Wayne West besluit om die leisels aan sy seun, Ruan oor te gee, maar hy bly steeds net 'n oproep ver vir raad en ondersteuning.

Deur baie deursettingsvermoë en opofferings kan ons vandag met trots sê dat *Wayne West Engineering & Gas*, al 22 jaar in die bedryf is. Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader en aan elke kliënt vir hul getroue ondersteuning oor die jare. Ons is steeds hier, met trots, om die gemeenskap te dien.





## 'n Bietjie meer oor ons:

*Alles wat ons doen, doen ons met harde werk en 'n glimlag as bonus!*

Ons spesialiseer in die volgende dienste:
* Verskaffing van Afrox hervullings, LPG en industriële gas
* Algemene ingenieurswerke
* Masjienwerk
* Asherstelwerk, ens.
* Herstel van waterpompe
* Silinderherstelwerk
* Sweiswerk
* Staalkonstruksie
* Devils fork herstel en instandhouding.
* Vervaardiging van inbraakwerende tralies.
* Vellingsherstel.
* Head skimming, valve stem seals, slyp van valves, ens.
* Remdrom skimming, flywheels, bearings en side shaft hubs perswerk.
* Plaatbuig en snywerk ...en nog soveel meer!

Moet asseblief nie huiwer om ons te skakel, WhatsApp of te e-pos nie, of kom loer sommer self in by ons perseel by Barklystraat 14, Aliwal-Noord.

E-pos:
admin@wweeng.co.za
Selfoon/WhatsApp:
073 802 7747
Telefoon:
051 634 1955

AFROX
Partner
AFROX handigas
Wayne West Engineering cc

06 JUNIE 2025

# Die Aliwal Weekblad FREE

HIER VIR DIE GEMEENSKAP / HERE FOR THE COMMUNITY

# Buffels behaal indrukwekkende oorwinning teen Stoele

**Aliwal-Noord, 31 Mey 2025:**
Die Buffels van Aliwal-Noord het Saterdag, op hul tuisveld, die Buffelkamp, kragte gemeet met Venterstad se Stoele, in wat 'n eensydige, maar sportiewe wedstryd was.

Die Buffels het vir dié geleentheid hul tweede span opgestel, maar dit het hulle nie gekeer om 'n oorheersende vertoning te lewer nie. Met maar liefst 18 drieë en 9 suksesvolle doelskoppe, het die Buffels die wedstryd met 'n merkwaardige telling van 108 teenoor 0 gewen.

Verskeie spelers het hul name op die telbord geplaas en daarmee hul diepte en talent getoon.

Die klub spreek sy waardering uit teenoor die Stoele vir hul sportmanskap en die feit dat hulle steeds hul harte uitgespeel het, ondanks die eindtelling.

Die Buffels sien daarna uit om die naweek van 03 Junie 2025, teen Colesberg se Universals te speel, op hul tuisveld in Colesberg.

'n spesiale dank gaan aan al die toeskouers wat Saterdag hul teenwoordigheid kom wys het julle ondersteuning beteken baie vir die span.

~ *Buffel Groete.*

ALIWAL NOORD RUGBY 1STE XV



